

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 230 Vol. 345 Pg. 19 686 - 19 719

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-02-12

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR: MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 345

(Bladsye 19 686 - 19 719)

HOF HERVAT OP 12 FEBRUARIE 1988.

ABINART BINKI PHALE, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : U edele, al die beskuldigdes is teenwoordig, behalwe nr. 17, wat gister verlof gekry het om afwesig te wees vandag.

HOF : Dit word genoteleer.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Phale, ons is nog besig met die kwessie van hoekom die huur nie betaal is na September 1984 nie. U het vir die hof laas gesê dat in Oktober 1984 was u een van tien persone wat met mnr. Louw(10) gaan praat het? -- Dit is so, ja.

En is dit ook reg dat die administrasieraad het gevra dat daar mense uit die woongebiede moet kom om met hulle te kom praat oor die huurkwessie? -- Bedoel u van die tien wat alreeds daar was?

Ja, die administrasieraad het gevra daar moet tien mense uit elke gebied kom om met hulle te kom praat oor die huurkwessie? -- Dit is waar.

As deel van hierdie aspek wil ek u eers vra, ken u die VCA, die Vaal Civic Association? -- Ek het van die naam gehoor.
(20)
Ek weet van die naam.

Het u net die naam gehoor of weet u wat die Vaal Civic Association is? -- Ek het verstaan dat dit 'n organisasie is wat te doene het met die besprekings aangaande die huur.

Het u enige van die Vaal Civic Association se vergaderings ooit bygewoon? -- Ja, ek het.

Watter vergaderings het u bygewoon van die Vaal Civic Association? -- Ek kan nie meer so goed onthou wanneer die vergadering gehou was nie.

HOF : Was dit net een vergadering? -- Ja.

(30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Kan u onthou waar die vergadering was? -- Die vergadering was in Boipatong gehou.

Was dit 'n openbare vergadering waarna die gemeenskap uitgenooi was of was dit 'n komiteevergadering van die Vaal Civic Association? -- Dit was 'n vergadering vir spesifieke persone.

HOF : Watter soort persone bedoel u? -- Dit is van die tien persone en hulle het vergader met die lede van die "civic".

MNR. FICK : Is ek dan reg in my afleiding, dit was na die onluste van 3 September 1984 uitgebreek het? -- Dit is die(10) waarheid.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die tien persone waarvan u nou praat, is dit die tien persone van Bophelong? -- Dit is so.

MNR. FICK : Wie van die VCA het u uitgenooi na die vergadering by Boipatong? -- Ongelukkig het ek net geweet van die naam van die organisasie, sonder om te weet wie die lede was van die organisasie.

Maar nou, op die vergadering wat u gehou het in Boipatong, wie was daar namens die VCA? -- Ek onthou van mnr. Molefe afkomstig van Sharpeville. (20)

Weet u wat sy naam is? -- Nee, ek ken hom net op sy van.

Wie nog van die VCA was op daardie vergadering? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het nie die mense geken nie. Ek kan nie meer onthou wie die mense was wat daar teenwoordig was by hierdie vergadering.

As ek vir u 'n naam gee van Esau Raditsela, weet u of hy daar was? -- Nee, ek weet nie of hy daar was nie.

Behalwe u tien wat van Bophelong af gekom het, was daar ander mense uit ander woongebiede wat hierdie vergadering in Boipatong van VCA bygewoon het? -- Boipatong se mense (30)

was/...

was teenwoordig gewees.

Het u enige van hulle geken op hierdie vergadering? --
Mnr. Mathlare het ek geken, mnr. Motlounge, mev. Gate.

En nog iemand van Boipatong wat u geken het? -- Nee, ek
kan nie die ander onthou nie.

Was daar enige mense van Sharpeville op die vergadering?
-- Ja, ek het alreeds vir die hof gesê dat hulle teenwoordig
was.

Wie was die voorsitter van hierdie vergadering? -- Ek
kan nie meer so goed onthou wie die persoon was wat as h (10)
voorsitter opgetree het nie.

Kan u vir die hof sê of daar h persoon was met die naam
van Johnny Motete? -- Nee, ek onthou dit nie.

Was daar ene Mike Kgaka? -- Nee.

Sê u nee of kan u nie onthou nie? -- By die vergaderings
wat ek bygewoon het, het ek nie van die naam gehoor nie.

Wil u asseblief net so na die beskuldigdes kyk in die
beskuldigdebank en hierdie drie hier voor en vir die hof sê
of u enige van die persone herken as persone wat op die ver-
gadering was? -- Behalwe die predikant, is daar drie (20)
gesigte wat aan my van sien bekend is. Ek kan net nie sê wat
die persone se name is nie.

HOF : Laat ons hulle net kry om op te staan. -- Die een langs
die predikant.

Dit is beskuldigde nr. 2. Wat weet u van hom? -- Ek ken
net sy voorkoms van die gesig.

Die predikant, is dit die een langs hom? -- Ja.

Dit is beskuldigde nr. 3. -- Die eerste twee aan my
linkerkant in die beskuldigdebank.

Kan hulle opstaan? Daardie twee? -- Nee, nee, die een (30)

met/...

met die wit hemp.

Dit is beskuldigde nr. 6 en beskuldigde nr. 7.

MNR. FICK : Verstaan ek u reg dat dit is die persone wat u sê wat saam met u op die vergadering te Boipatong was?

-- Nee.

Maar dit was die vraag aanvanklik.

MR BIZOS : That was not the question. I would suggest that the last question was not a proper question and it was not the question. The question was "Do you know any of the people before the court." (10)

HOF : Daar was op h stadium gevra was enige van die beskuldigdes op die vergadering en toe het ons begin met h uitkennening; maar in elk geval, laat ons nou die ding duidelik kry. Beskuldigde nr. 6, sal hy opstaan. Wat weet u van hom? -- Ek ken net sy gesig. Ek weet nie wie hy is nie.

En die een langs hom, nr. 7, met die wit hemp? -- Dieselfde met hom.

MNR. FICK : Kan ek u so vra, van die beskuldigdes wat u hier uitgewys het, was enige van hulle op die vergadering in Boipatong wat u van praat? -- Nee. (20)

Hoe het dit gekom dat u een van die tien afgevaardigdes was na hierdie vergadering namens die mense van Bophelông? -- Die versoek was dat daar tien persone gestuur moet word as afgevaardigdes. Ek is deur die gemeenskap daar gekies om in die tien te wees.

Wanneer en waar het die gemeenskap u gekies? -- Dit was by die NG Kerk gewees.

Was daar h vergadering by die NG Kerk gehou waarheen almal uitgenooi was? -- Dit is so, ja.

En wie het hierdie vergadering by die NG Kerk gereël? (30)

Wie/...

Wie was die voorsitter? -- Die uitnodiging was nie aan 'n spesifieke persoon gerig nie. Dit was eintlik in briewe of pamflette wat geskryf was vir die gemeenskap, die inwoners van daardie plek om die vergadering daar by te woon.

Maar wie het die briewe geskryf dat die vergadering in die NG Kerk bygewoon moet word? -- Die naam wat daar verskyn het was mnr. Louw s'n.

Ek wil dit net duidelik kry. Het mnr. Louw gesê die mense moet by die NG Kerk bymekaar kom om tien aan te wys of het hy net gesê tien mense moet uit elke woongebied (10) aangewys word? -- Louw het versoek dat daar tien persone gekies moet word. Die inwoners het toe besluit om die vergadering by die NG Kerk te gaan hou.

Die inwoners moet tog êrens - iemand moet tog die ding reël dat die mense op 'n sekere dag by die sekere kerk moet wees. Wie was dit? -- Die hele ding het so begin. Ons het 'n versoek gerig om 'n vergadering by te woon waarheen ons die raadslede genooi het. In antwoord daarop kry ons 'n brief wat sê dat ons tien afgevaardigdes moet stuur wat namens die hele gemeenskap moet optree. Na aanleiding daarvan het (20) ons toe besluit om die vergadering te hou.

Wie is die "ons" wat besluit het om die raadslede te nooi? -- Al sal ek nie al die name kan onthou nie, maar dit was ekself, dit wil sê Phale, mnr. Tholo, mnr. Radebe, mnr. Motlane, mnr. Mohame, mnr. Motlounq junior en nog ander mense wat ook daar teenwoordig was.

Kom ons doen die ding op 'n ander manier. Ken u vir Bonani Mafa? -- Nee, ek ken nie so 'n persoon nie.

Ken u die naam Bophelong Civic Association? -- Ek het dit gehoor, ja.

(30)

Weet u wat is die Bophelong Civic Association? -- Nee, ek weet nie, want ek het nog nie gesien dat daar iets gedoen is nie, waar ek toe gesê is dit is nou die "civic" wat daardie ding doen nie.

Weet u wie was die bestuurslede van die Bophelong Civic Association? -- Ek weet nie.

Hoekom ek u dit vra is, volgens die getuienis van mnr. Louw het die persone wat hom kom sien het, die tien mense, was hulle die Bophelong Civic Association se mense?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mnr. Louw het gesê dit was die (10) Bophelong Ratepayers Association. as ek reg onthou.

MNR. FICK : Volume 57 bladsy 2 944 sal ek lees "Die Vaal Civic Association in Sharpeville het ons 'n gesprek mee gevoer en ons stadsraad het 'n gesprek gevoer met Boipatong Civic Association asook met die Bophelong Civic Association op uitnodiging van briewe wat ek van huis tot huis laat aflewer het."

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is miskien op 'n ander plek in die getuienis.

MNR. FICK : Wat sê u daarvan? -- Ek weet nie of daar (20) sulke mense was wat mnr. Louw genader het nie, maar ek, met die groep wat saam met my gegaan het, het hom genader as 'n komitee van tien persone.

HOF : Wie was julle voorsitter of segsman? -- Mnr. Phale.

MNR. FICK : Is dit nou uself? -- Ja, dit is so.

HOF : Maar as mnr. Louw reg is, dan moes hy waarskynlik van u verstaan het julle is die Bophelong Civic Association? -- Dat dit 'n "civic" is, dit is hy wat so sê. Ons het hom genader as 'n komitee.

MNR. FICK : Op die vergadering wat u in die NG Kerk eers (30)

gehou/...

gehou het, Bophelong se mense, het julle daar besluit op wat julle vir mnr. Louw wil sê? -- Dit is so.

Wat het julle besluit, wat gaan julle vir mnr. Louw sê by die vergadering? -- Ons het besluit dat ons die volgende vir hom gaan sê, dat daar is huur wat hoog is en ons weet nie hoe dit gekom het nie. Oor die R50,00 deposito wat ons nie van weet nie en daar is 'n versoek waar hulle sê die huur verhoog gaan word met R5,90 en nog die bedrag van R10,00 wat gevra was ten opsigte van die permitte.

HOF : Al die goed sal julle vir hom sê. Dit weet hy. (10)

Wat moet u dan vir hom vra of voorstel? -- Ons het eintlik na hom toe gegaan om 'n verduideliking te vra hoe werk die ding nou, want ons word net gesê dat daar soveel verhoging bygetel is. Hoe dit gekom het, onder watter omstandighede is ons nie gesê nie.

So, julle het nie in die NG Kerk besluit dat julle 'n sekere voorstel aan hom sal maak nie? -- Ons het van hom gaan vra. Hy is die persoon wat dan aan ons begin verduidelik het hoe dit gekom het.

MNR. FICK : U het nie na mnr. Louw toe gegaan en vir (20)

mnr. Louw gaan sê - laat ek vir u so vra. U het nie op die vergadering in die NG Kerk besluit u gaan na mnr. Louw toe en vir hom sê "Kyk, ons wil nie dit betaal nie, ons wil nie dat betaal nie, ons is bereid om dit te betaal"? -- Nee, ons het nie na hom toe gegaan om vir hom te gaan sê dat ons nie bereid is om sekere dinge te betaal nie. Al wat ons wou geweet het is, hoekom word daar verhogings toegepas.

Die vergadering wat u saam met die VCA in Boipatong gehou het, is op daardie vergadering enige besluite geneem wat julle vir mnr. Louw wil gaan sê? -- Die doel was nie om vir hom (30

te gaan sê nie. Die doel was om van hom te gaan hoor, dat hy vir ons hierdie hele ding uiteensit, want daar was 'n botsing van dinge daar. Die manier waarop dit gedoen is.

Wat het julle bespreek op hierdie vergadering in Boipatong saam met die VCA? -- Wat daar besluit was, is dat ons na mnr. Louw toe gaan, dat hy aan ons verduidelik omtrent die dinge waarvan ek nou net gepraat het.

Het julle ook op daardie vergadering geen besluite geneem oor wat julle gaan sê vir mnr. Louw oor wat julle bereid is om te betaal en wat nie? -- Nee, ons het nie (10) daaromtrent besluit nie, want ons het nie geweet wat hy vir ons kom sê nie.

U sien, die onbetwiste getuienis sover in hierdie saak is die volgende.

HOF : Laat ons net eers een ding duidelik kry. Die vergadering by Boipatong met die VCA, het dit plaasgevind voordat julle mnr. Louw gaan spreek het? -- Dit is die waarheid.

En was dit met die oog op die aangewese samespreking met mnr. Louw? -- Ja.

MNR. FICK : Voordat ek 'n stelling aan u maak, toe u by (20) mnr. Louw kom, het u enige eise gestel aan mnr. Louw? As ek nou sê u, bedoel ek die groep van tien?

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Dit help nie om die ding deurmekaar te roer nie. Was u groep van Bophelong afsonderlik by mnr. Louw of het die hele klomp wat daar by Boipatong saam was, saam mnr. Louw gaan spreek? -- Almal van ons wat daar byeen gekom het, het saam gegaan na mnr. Louw toe.

MNR. FICK : Het enige van die verteenwoordigers van enige van die gebiede daar eise gestel aan mnr. Louw? -- Nee, (30)

niemand/...

niemand het dit gedoen nie. Ons het vir mnr. Louw gesê waaroor ons daar gekom het. Mnr. Louw het dit toe vir ons uiteen gesit en verduidelik wat die posisie was. Hy het die feite op 'n papier neergeskryf en vir ons gesê "Kyk, die feite genoem hier voor my deur julle is die volgende. Ek gaan julle versoek om hierdie feite op skrif te stel."

En dan? Wat moes julle daarmee maak? -- Hy het gesê ons moet dit volledig skryf deur byvoorbeeld te sê as ons sê hierdie is verkeerd, dan moet ons sê hoekom ons sê dat dit verkeerd is as ons sê dit word nie deur die inwoners (10) betaal nie, dan moet ons sê deur wie dit betaal word volgens ons in daardie brief.

HOF : So, het hy afgeskryf toe julle praat en daarna teruggelees aan julle wat hy afgeskryf het? -- Ja, hy het self geskryf en dit oorgelees aan ons. Terselfdertyd van die mense teenwoordig daar was kon lees en skryf het ook geskryf. Dus het hy vir hulle ook gesê wat om te skryf, wat dan saam met sy geskrewe stukke sal kan klop oor wat hulle bespreek het.

MNR. FICK : Maar die voorbeeld wat u nou hier aangehaal het, toe u gesê het dat byvoorbeeld sekere goed wat nie betaal(20) word nie en wie moet dit dan betaal, is dit nie duidelik daaruit dat daar wel-eise gestel was deur u namens die gemeenskap dat daar sekere goed is wat julle nie betaal nie? -- Nee.

Het julle en mnr. Louw toe tot enige vergelyk gekom op die vergadering wat gaan nou gebeur verder in verband met die verhoogde huur? -- Aan die einde van die gesprek het mnr. Louw gesê dat hy dit alles waaroor ons gepraat het sal oordra aan die raad. Dit sal die raad wees wat dan sal antwoord gee.

HOF : As u praat van raad, is dit administrasieraad of (30) stadsraad/...

stadsraad? -- Stadsraad.

MNR. FICK : Hierdie samespreking met mnr. Louw was in Oktobermaand 1984? -- As ek nie fouteer nie, toe ons tot dusver gepraat het, was dit al in Novembermaand gewees.

Maar het mnr. Louw nie vir u gesê op die vergadering "Maar kyk, die verhoogde huur is al op 18 September 1984 geskrap nie, dit word nie meer betaal nie?" -- Ja, hy het so gesê.

En het julle die verteenwoordigers van die gemeenskap nie vir mnr. Louw gesê "Maar die huur is te hoog, dit moet (10) afkom na R30,00 per maand toe" nie? -- Wat die R30,00 betref, is ons nie die mense wat dit begin het nie. Dit was van die inwoners.

HOF : Nee, maar dit is nou nie die vraag nie. -- Wat is die vraag?

Die vraag is of u aan mnr. Louw gesê het die huur is te hoog, dit moet afkom na R30,00? -- Nee.

MNR. FICK : Mnr. Louw se getuienis was dat almal daar, van Boipatong, van Sharpeville en Bophelong het hierdie selfde versoek gehad dat die huur moet afkom na R30,00 per maand (20) toe? -- Ek het alreeds vir die hof hier gesê dat dit nie die besluit was van die afgevaardigdes nie, maar wel besluit is deur die gemeenskap.

HOF : Ja, maar dit is nie eintlik waarom dit gaan nie. Het julle dan nie daardie besluit van die gemeenskap oorgedra aan mnr. Louw nie? -- Daar was seker 'n misverstand gewees iewers. Ek het gesê mnr. Louw het vir ons die feite wat bespreek is daar tussen ons en hom neergeskryf en gesê "Dit is die feite wat julle vir my sê. Dit moet op 'n brief geskryf word" en ons het toe daardie feite soos uiteengesit deur (30)

mnr. Louw/...

mnr. Louw teruggeneem na die gemeenskap toe en weer dit met die gemeenskap gaan bespreek. Dit was na aanleiding van daardie bespreking dat die gemeenskap dan besluit het dat die huur verminder moet word na daardie bedrag toe. Dit is eers daarna dat ons met die brief teruggekeer het na mnr. Louw toe, die tweede keer, dat dit gemeld is. Nie onmiddellik toe ons mnr. Louw vir die eerste keer genader het nie.

Die huur moet verminder word na wat toe? -- Na R30,00 toe. (10)

Maar het hierdie kwessie van die R30,00 nie al ter sprake gekom toe julle die gesamentlike vergadering met die VCA gehad het nie? -- Nee.

MNR. FICK : Na hierdie eerste vergadering, kom ons noem dit die eerste vergadering by mnr. Louw, waar het u met die gemeenskap vergader? -- NG Kerk.

Was dit u komitee van tien wat daar vergader het met die gemeenskap? -- Ja.

Weet u of die ander gebiede se mense ook met hulle gemeenskappe gaan vergader het? -- Ek is nie daarvan seker (20) nie.

Toe u die tweede keer met mnr. Louw vergader het, was die afgevaardigdes van die ander gebiede, Sharpeville en Boipatong ook daar? -- Ja, hulle was ook teenwoordig.

Wanneer was hierdie tweede vergadering saam met mnr. Louw? -- Ek kan nie meer presies onthou wanneer dit was nie, maar dit was nog steeds in 1984.

Toe julle die tweede keer by mnr. Louw vergader, al die afgevaardigdes, het die ander gebiede se afgevaardigdes vir mnr. Louw enigiets gesê oor wat hulle voorstel? -- Ja, hulle (30)

het/...

het, maar mnr. Louw het toe gesê hierdie gebiede kan nie op dieselfde basis behandel word nie. Hulle is nie dieselfde nie.

HOF : Watter gebiede? Die drie gebiede? -- Ja.

Daar was net die drie van julle? -- Ja, ons van die drie gebiede.

Het hy gesê hoekom? -- Hy het gesê in hierdie opsig, byvoorbeeld Sharpeville, dit het onlangs elektriese krag gekry by die huise wat nie vantevore elektriese krag gehad het nie en die toilette daar gebruik nou water. Dit is (10) 'n nuwe ding wat nou net daar toegepas is. Hy het toe gepraat van Boipatong wat ook nou net ligte gekry het en toe gesê wat Sophelong betref, alles wat hy genoem het as nuwe dinge by die ander twee gebiede, is ou dinge wat alreeds lank bestaan het daar. Dit is die verskil wat hy genoem het.

MNR. FICK : U het namens u gemeenskap die versoek oorgedra dat die huur moet verminder word na R30,00? -- Ja, dit is so.

Wat was die ander afgevaardigdes van die ander gebiede se versoek in dié verband aan mnr. Louw? -- Ek kan nie daarvoor getuig wat hulle gesê het aan mnr. Louw aangaande die (20) huur nie. Ek is nie seker van wat hulle gesê het nie.

Het hulle nie ook gesê hulle wil nie R30,00 'n maand betaal nie? -- Ek kan dit nie met sekerheid sê nie.

Wat was besluit op hierdie vergadering oor die versoek van die R30,00 per maand huur? -- Ons wag nog steeds vir die antwoord van mnr. Louw om te hoor wat hulle toe besluit he.

Maar ek stel aan u, wat daar gebeur het, is mnr. Louw het gesê kyk, die huurverhoging is af. Ons kan onmoontlik die huur R30,00 per maand maak, dan kan die raad nie sy (30) verpligtinge/...

verpligtinge nakom nie. Al wat ons wil hê is, julle moet die huur betaal soos dit in die verlede was? -- Ek weet nie of u dit verstaan nie. Die grief hier was dat h biersaal was beskikbaar gestel met die verstandhouding dat die gemeenskap daar moet gaan drink en die geld wat daar gekry word as wins op die verkoop van daardie drank, is dit wat gebruik gaan word om die mense se huur so laag as moontlik te kan hou en skielik moet die mense nou daarvoor betaal en wat word nou van daardie wins wat altyd gebruik was vir hierdie tipe dinge. (10)

HOF : En toe, wat sê mnr. Louw toe u dit sê? -- Ons wag nog vir die antwoord.

MNR. FICK : Wat ek nie verstaan nie, is hoe is die vergadering uiteen dan? Sonder enige besluite of is daar gesê ons sal terugkom na julle toe op h sekere dag of is daar gesê julle moet weer gaan vergader met die gemeenskap of wat is die posisie? -- Mnr. Louw het daardie vergadering afgesluit deur te sê dat hy nou hierdie griewe gaan oordra aan die raad, ons sal die antwoord kry vanaf die raad.

Weet u dat daar telkemale na die onluste in September (20) 1984 deur die raad verskillende maniere aangewend is om die mense sover te kry om hulle huur te betaal, die bestaande huur? -- Ek weet nie, want daar was nog nie samesprekings uitgevoer nie. Al wat ek hoor is dat daar word gesê betaal julle.

Wie het gesê u moet betaal? -- Dit is hierdie briefies wat ons kry van die kantoor af.

Is dit nou nie h aanduiding dat die raad het gesê julle moet die bestaande huur betaal nie, dit is die uitslag van die hele saak? -- Daar was redes gegee van mense wat (30)

probleme/...

probleme ondervind het om die kinders op skool te hou, mense wat nie kan bekostig om kos te koop vir families nie, die probleme van die bejaarde mense wat pensioenarisse is. Dit was as redes genoem.

HOF : Ek kan nie begryp nie. Julle het nou voorgestel dat daar net R30,00 betaal moet word per maand? -- Dit is die waarheid.

Waarom het julle dan nie R30,00 per maand betaal nie? -- U het nou 'n goeie vraag gevra. Dit is net reg. Ons het 'n vergadering daar gehad met mnr. Louw, mnr. Mahlatsi en nog (10) 'n persoon van die parlement. Ek vergeet wat sy naam is. Hy was afgevaardig deur die parlement. By daardie vergadering was dit gesê dat ons bymekaar sal moet kom te Sebokeng. Dit wil sê al die gebiede daar bymekaar sal kom. Dit is waar ons gesê gaan word wie betaal hoeveel en by watter gedeelte en voor daardie vergadering gehou was, was dit besluit dat daardie vergadering nie meer gehou kan word nie. So, die vergadering was verban.

MNR. FICK : Nou staan die vraag nog steeds, waarom het u nie die R30,00 betaal wat u self gesê het u voel u kan betaal (20) nie? -- Ons het versoek dat ons die R30,00 wil betaal, maar ons was nie toestemming gegee deur te sê ja, julle kan dit betaal nie. Indien dit die geval was, sou ons dit betaal het.

En uself, los nou maar die weduwees eers uit vir 'n slag en die mense wat nie kinders skool toe kan stuur nie, hoekom het uself nie die bestaande huur betaal soos u dit voorheen gedoen het nie? -- Praat u van die huur van die R60,00?

Die huur soos dit was voor dit verhoog is? -- As ek nou vir u kan sê hoeveel my huur was sal u dit nie glo nie. (30)

Antwoord/...

Antwoord net die vraag, asseblief? -- Wat se vraag?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was u huur meer as 'n kwart van u inkomste? -- Ver.

HOF : Wat is u inkomste? -- Omtrent R100,00 per maand.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Pensioen? -- Nee. Dit is geld waarvoor ek gewerk het, inkomste.

MNR. FICK : Hy is 'n hout- en kolehandelaar. Voor die beoogde verhoging het u die huur betaal? -- Ek het betaal tot en met Augustus 1984.

Antwoord net die vraag, dan kan ons afstap van die (10) ding. Hoekom het u nie voortgegaan om daardie selfde huur te betaal toe u nou uiteindelik sien daar kom nou nie uitsluitel nie? -- My verduideliking is, die manier waarop hierdie huur hoog was, het ek gevind dat ek bly amper met niks in die huis nie.

Was u nie bang vir uitsetting as u nou niks betaal nie? -- Ek was uitgesit, ja.

HOF : Wanneer was u uitgesit? -- Dit was in Juniemaand.

Van watter maand? -- 1987.

En is u weer terug? -- Ja.

(20)

MNR. FICK : Het u betaal? -- Nee.

Hoe het u teruggekom? -- Hulle het net my besittings uit die huis gevat en daar buite gepak sonder om die huis te sluit. Ek het teruggekeer in die huis in.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat sou u nou maak as iemand anders voor u teruggetrek het in die huis? -- Ek sou daardie persoon laat uitgaan het, want ek het die huis gekoop.

HOF : Het u die huis gekoop? -- Ja.

Vir hoeveel? -- R545.

Pond? -- Ja, in daardie dae van die pond.

(30)

Maar/...

Maar kon n mens in daardie dae van die pond n huis koop?
-- Ek kan vir die hof hierso n dokument bring waarop ek die
reg gegee het omdat ek daardie plek gekoop het.

In Bophelong? -- In Bophelong, ja.

Maar dan huur u mos nie as u gekoop het nie? -- Ek weet
nie, want ek betaal nogtans die huurders se geld.

Is daar baie ander mense wat ook so gekoop het? -- Ja.

MNR. FICK : Maar het u nooit gaan vasstel by die raad waaroor
moet u nog steeds huur betaal as u gekoop het nie? Hoe werk
die ding? -- Nee, ek het nie gaan vra nie. (10)

U het vir die hof gesê u het kinders oor die ouderdom
van 21, naamlik drie in 1984 gehad? -- Dit is so.

Het enige van die drie gewerk in 1984? -- Ongelukkig
het al drie van hulle nie gewerk nie.

Is daar enige rede spesifiek daarvoor? -- Een van hulle
is siek. Die ander twee kon net nie werk kry nie.

Het u in 1984 enige ander kinders gehad wat nog op skool
was? -- Nee.

Ek wil met u gaan na die vergadering van 28 Augustus
1984. Hierdie vergadering, het hy enige voorsitter gehad?(20)
-- Nee.

HOF : Was daar n man wat baie gepraat het? -- Behalwe die
persoon wat gestuur was om die brief weg te neem, het niemand
baie gepraat nie.

MNR. FICK : Die persoon wat gestuur was om die brief weg
te neem, wie is hy? -- Nhlapo.

Wat is Nhlapo se naam? Weet u? -- Ek weet nie wat sy
naam is nie.

As ek vir u die name Tom Nhlapo of Ace Nhlapo gee, sal
dit help? -- Ek weet nie of u reg is nie. Hy is net aan (30)

my bekend as Nhlapo.

U sit nou daar by die vergadering 28 Augustus en daar daag nou nie raadslede op nie. Wat het julle gedoen op die vergadering?

HOF : Gewag.

MNR. FICK : Het julle net gesit en wag of het iemand gepraat op die vergadering? -- Ons het net daar gesit en wag en met mekaar gesels. Byvoorbeeld dan gesels ek met die man wat langs my sit.

Het enigiemand op die vergadering van 28 Augustus (10) probeer verduidelik hoekom is daar nie raadslede nie, of daar raadslede sou wees? -- Nee.

Die Nhlapo, wat het hy vir die vergadering te sê gehad indien enigiets? -- Al wat hy gesê het is dat hy die brief afgelewer het. Hy is seker daarvan dat hulle hiervan weet.

Het hy gesê waar hy die brief afgelewer het, mnr. Nhlapo? -- Dat hy dit by mnr. Ramakhula afgelewer het.

Het hy gesê op die vergadering wanneer hy dit afgelewer het by mnr. Ramakhula?

HOF : Maak dit eintlik baie saak? (20)

MNR. FICK : Net oor die geloofwaardigheid van 'n vorige getuie.

HOF : Dit is baie interessant, maar waar kom ons met al hierdie stories? Hierdie getuie het omtrent nie 'n woord gesê oor hierdie vergadering nie. Hierdie vergadering is nie in die akte van beskuldiging nie. Wat sukkel ons met die vergadering?

MNR. FICK : Ek het dit net terwille van geloofwaardigheid van die vorige verdedigingsgetuie gedoen. Op die vergadering van 29 Augustus 1984, weet u watter raadslede was daar? -- Ek kan net die raadslede wat by ons area as raadslede dien. (21)

Ek/...

Ek ken nie die ander mense se name nie.

Kan u net vir my hulle name gee? -- Mnr. Mgcina, Ramakhula en mnr. Mpulenyane.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

ABINART BINKI PHALE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Die vergadering van 29 Augustus 1984, die raadslede wat op die vergadering was, het hulle almal op die verhoog gesit? -- Ja, hulle was op die verhoog gewees.

Het almal daar gesit gedurende die vergadering, solank(10) die vergadering aangegaan het? -- Ja, hulle het daar bo gesit.

Die eerste keer wat die raadslede uit die vergadering of enige van hulle uit die vergadering is, is toe die ligte afgegaan het. Is dit reg? -- Dit is so.

Het u enige vuurwapens tydens hierdie vergadering gesien van 29 Augustus 1984? -- Ja, ek het.

By wie het u dit gesien? -- Die polisie en die soldate het vuurwapens gehad.

Is dit die enigste persone wat op hierdie vergadering volgens u vuurwapens gehad het? -- Die leiers van ons het(20) ook vuurwapens gehad.

Wie is nou die leiers van u? -- Ek het opgelet dat die hoof van die leiers van ons, mnr. Mahlatsi, h vuurwapen gehad het. Daar is nog h ander een wat ook h vuurwapen gehad het, wat daar tussen ons verby geloop het en weer teruggekeer het na die verhoog toe.

Maar was dit nou tydens die vergadering? -- Ja, dit was tydens die vergadering.

Maar ek het u netnou gevra en ek het van u verstaan dat die raadslede het van die begin af tot op die einde wat die(21)

ing/...

lig afgegaan het op die verhoog gebly? -- Ja, ek praat die waarheid, dit het so gebeur, maar daar is een van hulle wat afgeklim het vanaf die verhoog.

Weet u wie is hy? -- Nee, ek weet nie.

Waarheen is hy toe hy van die verhoog af afgeklim het? -- Hy is by ons verby waar ek was in die rigting van die hoofingang. Hy het weer teruggekeer na die verhoog toe.

En die vuurwapen wat u by hom gesien het, waar was dit? -- Dit het in sy band gehang.

Praat u van sy lyfband? -- Dit was aan sy regtersy (10) en dit het vir my voorgekom of dit aan h band gehang het. Of dit nou h lyfband was en of dit h band was bedoel vir die vuurwapen, kan ek nie sê nie.

Was die vuurwapen in h holster gewees aan die band? -- Ja, dit is so.

U kon dit duidelik sien? -- Ek het die wapen gesien.

Die wapen was nooit in die persoon se hand gewees wat u gesien het nie? -- Nee.

Die betrokke persoon waarvan u praat met die vuurwapen en die holster, het hy net een keer van die verhoog afge- (20) klim en weer terug? -- Volgens my en dit wat ek onthou het ek hom net een keer gesien.

Op watter stadium van die vergadering het hierdie persoon met die vuurwapen en die holster uitgegaan van die verhoog af by u verby? -- Daar was net praatwerk gedoen, nie iets spesifiek nie.

Wie was besig om te praat toe dit gebeur het? -- Ek kan nie meer presies onthou wie op daardie stadium gepraat het nie. Of dit mev. Mogotsi was of mnr. Ramakhula.

Het die raadslid weer teruggekom na hy uitgegaan het? (30

HOF : Hy het nie gesê dat hy uitgegaan het nie. Hy het in die rigting van die hoofingang beweeg.

MNR. FICK : Het die raadslid weer teruggekom by u verby na hy by u verby is? -- Ja, terug na boontoe.

Het hy gaan sit? -- Dit is so.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was mev. Mogotsi ook op die vergadering? -- Ja, sy was.

MNR. FICK : U sien, die getuienis voor hierdie hof oor die vuurwapen is h bietjie anders as wat u vir die hof gee.

Daar is getuig dat die raadslid met die vuurwapen het (10) nooit van die verhoog afgegaan nie, maar hy het op en af, op die verhoog heen en weer gestap met die vuurwapen? -- Ek het nie opgelet dat hy op en af daar beweeg het nie.

En behalwe dat die getuienis was dat hierdie man nie van die verhoog af was nie, was daar verdere getuienis dat hierdie vuurwapen was nie in h holster soos u nou vir die hof sê nie, maar dit was binne-in die man se regterbroeksak? -- Ek kan nie sê dat dit wel so was nie. Volgens my waarneming het ek dit nie so gesien nie.

En al wat uitgesteek het uit die broeksak van hierdie (20) vuurwapen, was die kolf, die handvatsel?

HOF : Wie se getuienis was dit?

MNR. FICK : Dit was die getuienis van mev. Mcetywa, volume 335 bladsy 19 124. -- U sê so, maar ek sê ek het dit nie so gesien nie.

Nee, dit is nie ek wat so sê nie. Dit is wat h ander getuie sê wat saam met jou op die vergadering was. -- Ek betwis dit nie. Ek sê ons het nie presies dieselfde gesien nie.

U sien, op bladsy 2 379 volume 48 is daar gestel (30)

"Well/...

"Well, I am going to put to you that councillor Mokoena began moving in and out of the hall with his gun." -- Ek het nie geweet of hy Mokoena was nie.

Maar het hy in en uit gegaan uit die vergadering met die vuurwapen? -- Volgens my waarneming het dit net een maal gebeur, nie baie maal nie.

Het u ooit gesien dat hierdie man wat die vuurwapen het die ding uithaal uit die holster uit? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat ek nie gesien het dat daardie wapen uit die holster gehaal word nie. (10)

U sien in volume 48 op bladsy 2 378 is daar weer eens gestel deur die verdediging dat "If I were to suggest to you that members of your community on that day were very upset by Mr Mokoena drawing a gun." -- Dit hang nou af. U weet, ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie. "Drawing of a gun" is iets anders. As u miskien daarvan praat dat hy die vuurwapen uitgehaal het en dit te voorskyn gebring het, het ek nie gesien nie.

Ek wil dan met u aangaan na wat verder op die vergadering gebeur het. Mev. Mogotsi, is sy voorgestel aan die (20) vergadering? -- Ek onthou dit nie.

Het hy haar self voorgestel aan die gehoor en verduidelik wat haar posisie is? -- Ek onthou dit nie.

Het sy haar nie self voorgestel as een van die inwoners van Bophelong nie? -- Nee, toe sy opgestaan het daar het ons geweet wie sy is.

Het mnr. Ramakhula op hierdie vergadering van 29 Augustus 1984 verduidelik waaroor is die verhoging van die huurgelde? -- Die verhoging van die huur se redes was nie aan ons bekend gemaak nie. Dit is juis die punt hoekom ons so (30)

bekommerd/...

bekommerd was heen en weer met die oog om uit te vind daar-
omtrent.

Het julle op die vergadering nie vir die raadslede gevra
"verduidelik vir ons hoekom is die huur verhoog" nie? -- Dit
was ons vraag, ja.

En wie het daarop geantwoord? -- Ons het nie antwoord
gekry nie.

Vir wie het julle dit gevra? -- Die raadslede daar
teenwoordig is gevra.

K1143

Wie het die raadslede gevra? -- Mev. Mogotsi het dit(10)
gevra.

Is mev. Mogotsi op enige stadium geantwoord? -- Nee.

Het mev. Mogotsi enigiets anders gevra behalwe dit wat
u nou gesê het dat sy gevra het hoekom is die huur verhoog?
-- Ja, oor die R50,00 wat betaal moet word, waarvoor dit
was.

Wie het daarop geantwoord? -- Mnr. Ramakhula het daarop
geantwoord.

Wat het mnr. Ramakhula geantwoord op die kwessie van die
R50,00? -- Hy het gesê daardie verhoging was gemaak deur(20)
die superintendent en sy klerke.

En wat het hy nog geantwoord? -- Sy vra ook oor die
R10,00 vir die permitte vir die kinders.

Het Ramakhula daarop geantwoord? -- Daar was nie 'n ant-
woord daarop nie.

Hierdie wat u nou sê wat mnr. Ramakhula gesê het oor
die R50,00 deposito, die antwoord was u nou so pas gegee
het, is dit al wat mnr. Ramakhula te sê gehad het oor hierdie
kwessie? -- Ja, dit is die enigste antwoord wat hy gegee het,
behalwe dat hy die volgende ook gesê het in daardie (30)

antwoord/...

antwoord. Dat hy vir die mense gesê het wat na hom toe gekom het, dat hulle nie daardie geld hoef te betaal nie.

Die R50,00? -- Ja.

Is u seker hy het dit gesê? -- Ja, ek is seker.

Want u sien, hoekom ek dit vra, daar is iets anders gestel aan die staatsgetuies oor die antwoord wat Ramakhula sou gegee het. In volume 63 op bladsy 3 324, dit begin eintlik onder aan bladsy 3 323, oor die kwessie van die R50,00, toe is daar gestel "Do you recall whether any councillor responded to any of her - anything that she said?" (10) en die antwoord "No." Dan die volgende "Do you not recall Mr Ramakhula saying that if anybody had any difficulties they could have come to his house to find out." Daar is niks gepraat van dat mnr. Ramakhula sou gesê het dat hulle hoef nie die R50,00 te betaal nie? -- Dat hy nie gesê het vir die mense dat hulle nie die R50,00 hoef te betaal nie? Wat ek sê is dat hy gesê het die persone wat alreeds die R50,00 betaal het, hoef nie die huur te betaal vir die volgende maand nie.

Nee, wag, wag net so n bietjie. Het mnr. Ramakhula (20) op die vergadering gesê vir die mense "Kyk, die mense wat klaar die R50,00 deposito betaal het, hoef nie volgende maand huur te betaal nie?" -- Dit is so.

U sien, hier is ander getuienis oor hierdie aspek ook voor die hof gelewer. In volume 335 op bladsy 19 126 het die getuie Mcetywa gesê "Sy antwoord was dat hy aan die mense gesê het wat hom genader het oor die deposito van R50,00 aangaande elektrisiteit dat hulle dit nie hoef te betaal nie, want daar is geen besluite daaroor geneem nie."

-- Ek stem saam, daar was geen besluit geneem nie. (30)

Nee/...

Nee, nee, dit was nie die vraag nie. Daar is ander getuienis voor hierdie hof ook oor hierdie R50,00 deposito en dit is dat daar gesê is op die vergadering dat mnr. Ramakhula sou gesê het die mense wat hom genader het oor die deposito, hy het vir hulle gesê "Julle hoef nie daardie deposito te betaal nie." -- Ek dink ek is reg as ek sê mense kan almal bymekaar sit en luister na dieselfde persoon, maar hulle sal nie almal dieselfde verstaan of hoor nie.

Het mnr. Ramakhula nog enigiets anders op hierdie vergadering gesê? Nog iets op mev. Mogotsi se toespraak? -- (10)
Nee, hy het nie meer iets gesê nie, want die vergadering het toe uiteen gegaan.

Onmiddellik na hy klaar gepraat het of wanneer? -- Onmiddellik na hy gepraat het, ja, want daar was niks verder gesê daarna nie.

Kan ek net by u duidelikheid kry. Is dit reg dat op die vergadering het mnr. Ramakhula die mense welkom geheet, Motsware het gebid, Ramakhula het vir die mense gesê "Julle kan praat." Mev. Mogotsi het gepraat. Ramakhula het geantwoord en toe is die vergadering uitmekaar uit? -- Ja, want die mense het (20) toe almal begin praat. Toe was dit die einde van die vergadering.

Het niemand anders behalwe hierdie persone wat ek nou genoem het toesprake gemaak op die vergadering nie? Ek praat nie van h deurmekaar lawaai nie? -- Nee, nie wat ek gesien het nie. As ek dit nie gesien het nie, het ek dit nie gesien nie.

Maar mnr. Nhlapo, het hy nie ook gepraat op die vergadering nie? -- Nee, maar Nhlapo het gepraat net oor die brief wat hy sou geneem het.

Wanneer het Nhlapo op hierdie vergadering van 29 (30)

Augustus/...

Augustus gepraat? -- Ek is nie meer seker of dit na mev. Mogotsi was of na die toespraak van Ramakhula nie, dit wil sê na Ramakhula vir die heel eerste keer gepraat het nie.

Wat het Nhlapo te sê gehad oor die brief wat hy afgelewer het? -- Al wat hy gesê het was dat hy die brief weggeneem het waarin daar 'n versoek was dat hulle, die raadslede, teenwoordig moet wees en toe verder gesê dat daar griewe bevat was en dit is dié wat die vroumens alreeds verduidelik het.

So, daar was toe nie 'n lawaai gewees na mev. Mogotsi(10) gepraat het nie? Eers na mnr. Nhlapo gepraat het? -- Na, daar was 'n lawaai gewees na Ramakhula gepraat het.

Maar het daar nie nog 'n persoon gepraat op die vergadering nie? -- Ek kan nie meer so goed onthou of daar nog 'n ander persoon was wat gepraat het nie.

Ken u 'n persoon met die naam van Thuso Morobe? -- Ek ken hom nie.

Het hy nie ook op die vergadering gepraat, 'n persoon wat voorgestel is as Thuso Morobe nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie. (20)

U sien, in volume 63 op bladsy 3 325 is daar gestel aan die getuie Mahlatsi dat hierdie Thuso Morobe gepraat het asook Nhlapo? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Is u geheue dan so swak oor die vergadering dat u dit nie kan onthou of daar nog sprekers was nie? -- My geheue is nie swak nie.

U sê nadat Ramakhula gepraat het, was daar 'n lawaai? -- Ja.

Is dit reg, dit was 'n groot lawaai, 'n groot deurmekaarspul. 'n Spreker kon nie gehoor word as hy wou praat nie? (30)

-- In die meeste gevalle as mense sommer gelyktydig begin praat, word die geraas meer veral in h huis onder h dak.

Op daardie stadium toe daardie groot lawaai aan die gang is, is dit toe dat die polisie gekom het? -- Dit is so, ja.

U praat van soldate ook. Weet u vir h feit dit is soldate of dink u dit is soldate omdat van hulle gekamoe-fleerde drag aangehad het? -- Omdat hulle in die soldate se kleredrag gekleed was, is hoekom ek sê dat hulle soldate was.

HOF : Wat is soldate se kleredrag? -- Dit is die kleur (10) van gabardien. Daardie ou jasse wat ons aangetrek het se kleur.

h Soort kakie of h soort bruin? -- (Tolk deel hof mee dat hy nie verstaan wat die kleur in Sotho is wat deur die getuie verduidelik word nie)

Kan u aan die hof uitwys? -- Nee, niemand in hierdie hof het daardie soort van kleur nie.

Soos die vloer, meubels? -- Nee.

Enigiemand se das? -- Nee, ek sien nie die kleur hier nie. (20)

Dit is nie kamoefleerdrag nie? U weet wat is kamoefleerdrag? -- Nee. Dit is net een kleur.

Daardie baadjie wat daar is? -- Ja, dit is omtrent daardie kleur, maar h bietjie sterker. Die kleur is bekend as "thokoa", vaal.

Dit is eerder h vaal/ligbruin.

MR BIZOS : If it will help, I think we can agree that is really the fawn fatigue that the policemen wear. It is not the blue uniform, but the police do wear fatigue uniforms. We can agree on that if it is going to help. Whilst I am(30)

on/...

on my feet. Not everything he is asked is a putting. I merely want to correct something that is in effect put to the witness. Your lordship was referred to page 3 325 volume 63. Your lordship will recall "Do you recall whether one Thuso Morobe spoke?" "No, I cannot recall him speaking there." That was put that the defence put that. Obviously it is not and in self corroboration, I would like to refer your lordship to volume 48 where another councillor was given evidence, Mr Mgcina, page 2 377. There your lordship will see - I can refer your lordships back, but I have (10) not got the precise page. Mr Mgcina said that Mr Morobe had made a blood and thunder speech. That he was a youngster who had called for violence against the councillors. Morobe had done that at this meeting. That is what Mgcina had said and then I put to him "Now you see, I am going to put to you that Morobe was not at the meeting of the 29th." "I say that he was there." This is what Mgcina said. Mr Mahlatsi came in afterwards and I would have thought that it was - not having mentioned Mr Morobe, to make doubly sure, I asked him whether Morobe spoke there and he said no and it was (20) merely trying to throw doubt on Mr Mgcina's evidence about this and it was not a putting. May I say whilst I am on my feet, that we called a number of witnesses on the 29th. To none of them was it put that Morobe said what Mgcina said. So, we have abandoned that denial, so to speak, on the basis that if you call two or three witnesses and something is not put to them, I am reminded that I am exaggerating it, we did not call two or three witnesses, but at least one. We did not carry the matter any further in chief, but it makes it very difficult for us to know what is being (30)

contested/...

contested in view of the conflicting evidence of these two councillors and the non-challenging of a previous witness, but I just thought that I would draw your lordship's attention to it at this stage.

COURT : It is noted, Mr Bizos.

MNR. FICK : Toe die polisie ingekom het by hierdie vergadering van 29 Augustus 1984, het mnr. Mahlatsi gevra of hulle sal loop en hulle het toe op 'n vriendelike wyse geloop. Hulle was nie ongelukkig of ontevrede omdat hulle moes loop nie. Is dit reg? -- Ja, ooglopend nie. Ons weet nie wat (10) hulle in gedagte gehad het daaromtrent nie.

Die saal waarin u gesit het se vensters was seker oop tydens die vergadering? -- Ja, dit vensters was oop gewees maar dit staan hoog omtrent soos die vensters van hierdie hofsaal.

En die deure was ook oop? -- Ja, dit was oop gewees.

En toe die ligte afgaan, toe was daar 'n Babelse verwarring in hierdie plek? -- Dit is so.

'n Groot lawaai? -- Ja, van weghardloop.

Kon u hoor wat buite aangaan in hierdie lawaai waar (20) u was binne-in die saal? -- Ek kon hoor dat daar wel 'n geraas was daar buite.

U kon nie hoor wat se geraas nie? -- Nee, ek kon nie hoor nie.

En u het in die saal gebly tot amper laaste voordat u uit die saal uit is? -- Dit is so.

Toe u buite kom, wat sien u buite? -- Ek het gevind dat daar mense was wat net daar buite was. Dit was nie veel mense gewees nie en die polisie natuurlik wat heel voor was. Dit het vir my voorgekom asof die mense wat ek saam met my daar (30) buite/...

buite vind, is ook van die mense wat weggekruip het.

Die raadslede, waar was hulle toe u buite kom? Was hulle nog daar op die perseel of in die omtrek of was hulle heeltemal weg? -- Daar was nie een van die raadslede se voertuie daar buite nie.

Is dit nie so dat die reuk van die traanrook wat u gekry het is die rook wat deur die vensters of die deure ingekom het van die saal nie? -- Ek sal nie kan sê of dit wel deur die venster getrek het of nie. Al wat ek vir die hof kan sê is dat dit my binne-in die saal geaffekteer het. (10)

Dit kon nie te erg gewees het as u bly sit het en nie probeer uitkom het onmiddellik nie? -- Ek het iets probeer doen. Ek het my neus toegedruk gehad soos ek nou aandui.

HOF : Met twee hande daaroor heen.

MNR. FICK : Nou wil ek aan u stel wat op hierdie vergadering wel ook gebeur het. Is dit nie so dat toe die raadslede wou begin praat, het daar van die jeugdiges opgestaan op die vergadering nie? -- Vanwaar ek gesit het en die mense wat ek voor my kon sien vanwaar ek sit, het daar nie so iets gebeur dat daar enige mense opgestaan het nie. Indien (20) dit gebeur het, moes dit agter my plaasgevind.

En van die jeug het toe gesê, daar geskreeu hulle soek nie die raadslede nie, hulle wil hulle nie meer hê nie, die raadslede moet bedank? -- Ek wil nie van iets praat waarvan ek nie seker is nie. Ek sal nie sê dit was die jeugdiges wat dit gedoen het nie.

Was daar mense op die vergadering wat dit gedoen het?
-- Dat die raadslede moet bedank?

Ja? -- Ja, dit het ek gehoor dat dit gesê word.

En is dit nie ook so dat daar n persoon daar na die (30)

verhoog/...

verhoog toe geloop het en gesê het hy was die vorige Saterdag - hy of sy was die vorige Saterdag op 'n vergadering waar daar besluit is op 3 September gaan daar 'n "stay-away" wees en die mense gaan na die kantore toe om te praat oor die huurkwessie nie? -- Nie by hierdie vergadering waar ek teenwoordig was nie, nee.

En daar is ook op die vergadering gevra wie het hierdie raadslede nou gekies? -- Ja, daar was so 'n vraag gewees. Ek het dit gehoor.

Wie het dit gevra? Kan jy onthou of was dit tussen (10) die geskreeu? -- Dit was net 'n geskreeuery gewees vanaf die gehoor.

Het u nie ook gehoor in die geskreeuery dat iemand gesê het as die raadslede nie gaan bedank nie, soos ons sê hulle moet bedank nie, gaan ons hulle huise aan die brand steek? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

En dat daar geskreeu is op die vergadering in daardie lawaai, iemand het geskreeu "Maak dood die lig" toe gaan die ligte af? -- Nee, ek het nie daardie persoon gehoor nie.

Hoe lank na die ligte afgegaan het, het u die eerste (20) keer die traanrook geruik daar in die saal? -- Dit was 'n rukkie gewees, maar nie 'n lang ruk nie.

Ek stel dit aan u, terwyl u daar binne-in die saal gesit het en die vreeslike lawaai aan die gang was daar, was daar buite mense besig om met klippe te gooi, wat u nie gehoor het in die lawaai nie? -- Ek het nêrens gesien waar 'n klip getref het nie.

Jy het nie gehoor dat daar glase breek van voertuie en dié tipe ding nie? -- Nee, ek was ver gewees. Ek sou dit nie gehoor het nie.

(30)

U woning, is dit naby raadslid Mgcina se huis? -- Ek is baie ver van hom af.

Op 2 September 1984 het u nie groot skares mense of groepe mense in die strate gesien rondloop en sing nie? -- Nee.

U sê vir die hof dat u het gesien dat daar traanrook geskiet word deur die polisie? -- Dit is so, ja.

Watter dag was dit? Kan u sê? -- Dit was 3 September.

Watter tyd van die dag was dit? -- Die oggend.

Watter tyd min of meer? Kan u sê? -- Om en by 09h00 (10) skat ek.

Waarna het die polisie hierdie traanrook geskiet? -- Volgens my waarneming het hulle het gekyk na waar daar 'n klompie mense bymekaar is. Dan het hulle geskiet.

Maar wat het hierdie klompie mense gemaak bymekaar? Het u gesien? -- Ek het opgemerk dat die mense net staan en kyk na die ding wat ons vir die eerste keer sien in die lokasie. Dan het hulle saamgedrom om 'n klompie te vorm.

HOF : Wat is die ding wat u vir die eerste keer sien? -- Die soldate en die polisie in die drie lokasies. (20)

Dit is nou die 3de. Ons weet nou daar was traanrook op die 29ste by die vergadering van die raadslede? -- Ja, dit is so.

Het u tussenin ook traanrook bemerk êrens? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

MNR. FICK : Was u op 3 September op enige stadium uit u perseel uit? -- Nee, ek was die hele tyd by die huis.

In die omgewing van u huis, die straat wat daar verbyloop, het u enige padversperrings gesien? -- Nie naby my huis nie.

Waar het u die padversperrings gesien? -- Op die (30)

volgende/...

volgende dag op pad in die hoofstraat het ek dit gesien.

HOF : Wat is die naam van die hoofstraat? -- As jy daar inkom, die eerste gedeelte is Dube en as jy verder gaan word die straat Matthews.

Waar het u dit gesien? -- Dit was in die hoofstraat uit die woonbuurt uit waar ek dit gesien het.

Een plek is die naam Dube en een plek is die naam Matthews. Waar het u dit gesien? -- Ek het gesê in beide die strate soos deur my genoem was daar versperrings gewees.

MNR. FICK : Hierdie strate wat u van praat, is dit op (10) 'n busroete? Ry die busse daar langs? -- Ja, dit is so.

En u het gepraat van die volgende dag. Is dit 4 September wat die volgende dag is? -- Dit is so.

Daar is net 'n enkele aspek wat ek u oor wil vra oor die vergadering van 29 Augustus 1984 wat my ontgaan het. Is daar nie gesê deur mev. Mogotsi toe die raadslede begin praat "Moenie na hulle luister nie, hulle is 'n klomp kriminele, 'n klomp skelms"? -- Ek het dit nie gehoor nie.

En is daar nie ook gesê dat die raadslede doen niks vir die inwoners nie, want elke keer wat jy na hulle toe (20) gaan sit hulle en koerant lees? -- Dit is nie dat hulle daaromtrent beskuldig was nie. Dit is net iets wat gesê is daar.

'n Heel laaste aspek. Dit is nou die kwessie van u, van Boipatong, die mense van Sharpeville en die mense van Bophelong wat met Louw gaan praat het. Ek het intussen BEWYSSTUK AAT12 onder oë gehad en ek sien op 5 September 1984 was die eerste, kom ons noem dit maar 'n eis, "a request to reduce the house rentals, service charges and metre service which amount to plus-minus R90,00 per month in Sharpeville(30)

to/...

to an amount of R30,00 per month per household."

HOF : Dit is h eis gestel deur die mense van Sharpeville?

MNR. FICK : Van Sharpeville. Dit is korrek. Het die mense van Sharpeville nie terwyl u by Louw was die eerste keer dieselfde eis gestel aan Louw dat die huur verlaag moet word na R30,00 nie? -- Ek sal nie weet of dit die eerste keer was nie, maar wat ek wel vir die hof kan sê is, ons het nie altyd saam gegaan nie.

Maar kom ek vra u dan so.

HOF : Nee, dit moet eers opgeklaar word. Ek het ver- (10)
staan dat die mense van Boipatong, Bophelong en Sharpeville saam gekom het en saam gegaan het na mnr. Louw toe die eerste keer? -- Ja.

Ek het verstaan dat toe julle later weer terug is nadat julle nou eers terug gerapporteer het aan die gemeenskap en weer terug is by mnr. Louw, dit weer dieselfde drie groepe was? -- Ja, dit is so.

Nou is die vraag, die eerste keer toe julle drie groepe by mnr. Louw kom, toe julle nou net sou gaan hoor het wat hy sê, het die Sharpeville mense nie gesê ons het al lankal (20) die eis van R30,00 gestel nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

MNR. FICK : Toe julle saam met die mense van die VCA vergader het, waar Sharpeville se mense ook teenwoordig was voor julle na Louw toe is, het die mense van Sharpeville op daardie vergadering nie gesê maar dit is wat ons eis is nie? -- Hulle het dit nie daar by daardie vergadering genoem nie.

Want hoekom ek vir u vra is, ek sien in BEWYSSTUK AAT12 verder dat op 5 September 1984 het die mense van Sharpeville al gesê hulle eis "no payments of house rental and service (30)
charges/...

charges and metre service until the total rent package is reduced to R30,00 per month per household"? -- Ongelukkig was dit lank na hierdie datum dat ons met hulle bymekaar gekom het.

HOF : Het u nie voor daardie datum gehoor van die eis om 'n vermindering na R30,00 nie? -- Nee.

MNR. FICK : Is dit nie die rede hoekom daar vandag nog niks betaal is nie, omdat julle na julle met Sharpeville se mense gepraat het, het julle geweet die eis is "ons betaal niks voor die huur nie afgebring is na R30,00 nie" en dit is daarom(10) dat die mense vandag nog niks betaal nie, omdat die huur nie afgebring word na R30,00 nie? -- Nee, dit is nie so nie.

Geen verdere vrae nie. Ek dank u.

K1144

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

COURT ADJOURNS UNTIL 15 FEBRUARY 1988.

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I2-30-345

Document Title:- Vol 345 p 19686-19719. Witness: Phalie